**2 Junie**

## ***Lewens*vrae vereis *geloofs*antwoorde**

**Skrifgedeelte: Psalm 42**
**Fokusgedeelte: Psalm 42:6**

Die digter herinner homself aan die feit dat hy vroeër op die voorpunt van die skare gelowiges was wat gereeld na die huis van die Here gegaan het. In vandag se taal: 'n Meelewende lidmaat en 'n getroue kerkganger. Maar alles het vir hom verander. Die lewe se storms en golwe het een vir een oor hom gerol en het hom eenkant, alleen, verstote en hartseer uitgespoel. Sy trane is sy kos. Boonop word daar ook met hom gespot. *Dit lyk asof die Here jou nou ook verlaat het.*

Hy praat baie ernstig met homself. *"Hoekom is jy so negatief en depressief, my siel?"* Hy herinner homself aan die regte antwoord wat hy reeds ken: *"Stel jou hoop op God, want Hy sal jou red."* Lewensvraagstukke moet deur middel van geloofsantwoorde aangespreek word. Godverlate? Nooit. Jesus Christus het dit wel in ons plek deurleef, sodat ons nou verseker kan wees dat ons nooit alleen is nie.

Ons ken nou die antwoord. Wees gereed vir die vraetyd wat ook nog in jou lewe gaan kom. Daardie dag as ons eensaam en alleen, met net ons herinneringe, in 'n ouetehuis oorbly; daardie dae wanneer ons op 'n ernstige siekbed in die hospitaal rondrol; daardie tyd wanneer ek gaan worstel om die dood van 'n geliefde te verwerk; in die midde van 'n baie groot teleurstelling wat my lewe raak. Daardie tyd as ek soos 'n wildsbok in die dorre woestyn begin dors kry.

Herinner jouself aan hierdie antwoord, want iewers gaan jy ook nog met die vraag gekonfronteer word.

*Sing: Psalm 42:3 (Totius)*

*Ds. IW Ferreira (Rietvallei)*